

DIE FRANSE MEDIATEUR: BEMIDDELAAR OF OMBUDSMAN?

Dirk J. Brynard, Universiteit van Suid-Afrika

SUMMARY

The office of *Mediateur* was established in France on 1 April 1973 and is thus one of the recent ombudsmanlike institutions to be established. The establishment of this office was part of a program of reform in France aimed at improving relations between the public and the public service. This aim required the *Mediateur* to be more orientated towards mediation than was the case with other ombudsman institutions. The jurisdiction of the *Mediateur* was influenced by the reason for its origin because special mention is made of the function of service rendering by public institutions. The latter is instrumental in the relations between the public and the public institutions. The *Mediateur* deviates from the classical ombudsman in that the appointment is by the Executive Authority and not by the Legislative Authority. As far as procedure for investigation is concerned, the lack of authority to investigate a matter on own initiative is significant. Since complaints have to be filed through the intercession of a member of Parliament there is also an obstacle to accessibility. Not even the decentralized system of correspondents eases accessibility to a standard matching that of the Scandinavian system. The *Mediateur*, however, has proved to be a dedicated reformer in the fields of administrative practice, statutes and regulations. The efficient service rendered and the improved relations between the public and officials have been a distinct advantage. On the whole the *Mediateur* provides an example of how the institution of the ombudsman can be transferred and adapted to conditions peculiar to particular countries.

INLEIDING

Die ombudsmanstelsel het in die skandinawiese lande (Swede, Finland, Denemarke en Noorwee) sy beslag gekry. Die klassieke ombudsman wat dwarsdeur die wereld as model vir soortgelyke instellings dien, is in 1809 in Swede ingestel. Die meerderheid ombudsmanne is egter eers teen die sesziger- en sewentiger jare van die huidige eeu ingestel. Die Franse *Mediateur* is een van die resente ombudsmantipe-instellings wat nou ietwat langer as 'n dekade funksioneer. Die ombudsmaninstelling het oor die jare heen in verskeie lande waar dit ingestel is daarvan bewys gelever dat dit 'n stelsel is wat by die omstandighede van elke land aanpasbaar is. Die stelsel is met die minimum aanpassings in die meerderheid Westerse demokratiese state ingestel met die uitdruklike uitsondering van Frankryk waar 'n *mediateurstt/stf* ingestel is met bepaalde wetenswaardige afwykings van die klassieke stelsel. Die mikpunt van hierdie artikel is om die aard en werking van die Franse stelsel te evalueer ten einde die funksionaliteit van

'n gewysigde ombudsmanstelsel in die publieke administrasie na waarde te kan skat.

ONTSTAAN VAN DIE MEDIATE UR

Die amp van *Mediateur* is vir die eerste keer op 1 April 1973 gevul en het tot stand gekom ingevolge Wet 73-2 van Januarie 3, 1973 soos gewysig deur Wet 76-1211 van Desember 24, 1976 (*Rapportannueldu Mediateur*, 1973: 15; Klein, 1976: 92).

In die jare wat die instelling van die amp voorafgegaan het, het die lid van die publiek in Frankryk as gevolg van die toenemende kompleksiteit van wette, regulasies en ander verordeninge begin voel dat hy homself al minder teen die arbitrere optrede van die magtige owerheidsinstellings kan verdedig. Die gevolg was dat die verhoudinge tussen die owerheid en die publiek begin versleg het en dat spanninge tussen die "bewuste" (*educated*) publiek en die owerheidsinstellings toegeneem het. 'n Sigbare teken van die spanning was die toenemende toevlug tot judisiele vergelding (Fabre, 1983: 73; Menier & Desfeuilles, 1983: 105). Die toevlug het egter gepaard gegaan met hoe regs-kostes en stadige judisiele beregting. Voorts is besef dat die stelsel van griewehantering deur politieke verteenwoordigers in die kiesafdelings 'n afname in effektiwiteit begin toon het (Clark, 1984b: 68). Voornoemde omstandighede het daartoe bygedra dat die Senaat in 1972 besluit het om 'n kommissie van senatore af te vaardig om onderhoude te voer met Skandinawiese ombudsmanne oor die waarde van so 'n stelsel (Stacey, 1987: 93).

Hoewel die A/tf><s&-aangeleentheid wat in 1972 in Frankryk voorgekom het, nie vergelykbaar is met die *Cricket Dowy*-aangeleentheid wat in Brittanje die debat oor administratiewe optrede aangevuur het nie, verdien dit wel vermelding (Clark, 1982: 45). Gabriel Aranda, 'n voormalige amptenaar van openbare werke, het beweer dat hy fotostate in sy besit het wat bewys dat 48 amptenare by ernstige skandale betrokke is. In die kontroversie wat daarna volg, kondig die Franse President in September 1972 aan dat stappe gedoen sal moet word om die publieke administrasie toegankliker vir die publiek te maak. In Oktober 1972 kondig die Eerste Minister aan dat 'n ombudsmantipe aanstelling voor die einde van daardie jaar ingestel sal word (Rowat, 1984: 69).

Die aanleidende faktor tot die instelling van die amp was die administratiewe hervormingsprogram wat tussen 1969 en 1973 geloods is (Clark, 1984b: 67) wat, soos later sal blyk, bepalend vir die struktuur en styl van die nuwe instelling was. 'n Prioriteit tydens die hervormingsprogram was die verhoudinge tussen die administrasie en die publiek (Menier & Desfeuilles, 1983: 105). Die nuwe instelling sou as 'n instrument dien om die gaping tussen die publieke administrator en die publiek te oorbrug (Brown & Lavirotte, 1974: 212). Dit sou dus 'n poging wees om die publieke administrasie nader aan die publiek te bring, om die beeld van publieke instellings te verbeter en om die verhoudinge met

die publiek te verbeter en te versterk (Menier & Desfeuilles, 1983: 106; Clark, 1986: 281). In die geheel gesien, is dit 'n ineenskakeling van verskeie faktore en omstandighede wat tot die instelling van die amp aanleiding gegee het.

AANSTELLINGSVEREISTES

Die *Mediateur* word aangestel by wyse van 'n dekreet van die Raad van Ministers (*decret en Conseil des Ministres*) (Rowat, 1984: 70). Die Raad van Ministers (*le Conseil des Ministres*) is die Regering (Kabinet) van Frankryk. Ingevolge die Franse Grondwet is die Regering self verantwoordelik vir die publieke administrasie en daarom word voorsiening gemaak in artikel 2 van die Wet 73-2, (hierna "die Wet" genoem) dat die *Mediateur* sy bevoegdhede aan die Regering ontleen. Hierdie praktyk is in teenstelling met die klassieke ombudsman wat deur die Wetgewende Gesag aangestel word en nie deur die Uitvoerende Gesag nie. Geen professionele kwalifikasies is voorgeskryf waaraan 'n *mediateur* vir aanstelling moet voldoen nie. Dit is opvallend dat die *mediateurs* tot dusver almal parlamentslede was. Net soos die Britse Parlementere Kommissaris mag *mediateurs* nie lid van die Parlement na aanstelling bly nie. Hoewel die algemene praktyk is dat formele kwalifikasies vir aanstelling as ombudsman gestel word, is daar 'n neiging om nie spesifieke kwalifikasies te stel nie, maar te aanvaar dat die persoonlike kwaliteite van die individu wat in so 'n instelling aangestel word belangriker as sy ervaring is. Persoonlike kwaliteite soos 'n reputasie vir administratiewe vaardigheid, regverdigheid en mensliewendheid word hoog aangeslaan.

DIENSVORWAARDES

Die *Mediateur* word aangestel vir 'n termyn van ses jaar en hy kan nie op heraanstelling aanspraak maak nie (Rowat, 1983: 3). Ingevolge artikel 2 van die Wet kan die *Mediateur* ontslaan word slegs op grond van onbevoegdheid of 'n gebrek soos gedefinieer deur die *Conseil de'Etat* (Stacey, 1978: 93). Die *Mediateur* ontvang vergoeding vir sy uitgawes, maar geen salaris nie. Dit is veral simbolies van die politieke orientasie van die *Mediateur* (kyk *infra*) deurdat aanvaar word dat hy sy pensioen as afgetrede lid van die Parlement sal ontvang.

PERSONEEL

Soos dit die geval met alle ombudsmanne is, het die *Mediateur* die bevoegdheid om self personeel aan te stel en te organiseer (Rowat, 1984: 75). Die personeellede beklee hul poste vir die duur van die ampstermyn van die *Mediateur* deur wie hulle aangestel is. Indien staatsamptenare aangestel word, moet hulle uit die staatsdiens bedank. Artikel 15 van die Wet en dekreet 73-254 van Maart 9, 1973 bepaal egter dat sodanige amptenare na hul dienstermyn, met die ooreenstemmende senioriteit in die staatsdiens heraan gestel kan word (Brown &

Lavirotte, 1974: 225; Maloney, 1979; 263). As gevolg van eksterne hulp aan die kantoor van die *Mediateur* tydens ondersoeke is die personeel van die instelling relatief laag (Pinay, 1974: 55; DesfeuiUes, 1983: 40). Omdat die *Mediateur* self sy personeel aanstel, is hy in staat om die organisatoriese opset van die instelling te bepaal.

BEGROTING

Die begroting van die *Mediateur* is deel van die begroting van die Eerste Minister wat impliseer dat sy begrotingslimiet deur die Eerste Minister bepaal word (Menier & DesfeuiUes, 1983: 109). Die nadeel hiervan is dat die *Mediateur* nie 'n rekenpligtige beampte is nie. Inkomste en uitgawes word in 'n spesiale rekening gehou wat jaarliks aan die *Cour des Comptes* (Oudithof) voorgele word, maar die aanwending van fondse is nie onderworpe aan die gewone administratiewe beheer oor owerheidsuitgawes nie (Brown & Lavirotte, 1974: 225; Pinay, 1974: 55). Voornoemde impliseer dat die *Mediateur* self oor die aanwending van fondse kan besluit onderworpe aan slegs die toesig van die *Cour des Comptes*.

PARLEMENTERE ORIENTASIE

Wat die verhouding van die *Mediateur* met die Parlement betref, is dit insiggewend dat die instelling nie 'n volwaardige parlementere instelling soos byvoorbeeld sy Britse eweknie is nie. Afgesien van die jaarlikse verslag (en soms 'n spesiale verslag) aan die Parlement en die feit dat klagtes aan die *Mediateur* slegs via lede van die Parlement aanhangig gemaak kan word, is daar geen noemenswaardige verhoudinge tussen die Parlement en die *Mediateur* nie. Daar is veral niks vergelykbaar met die Gekose Komitee in die Laerhuis oor die Parlementere Kommissaris in Brittanje nie (Brown & Lavirotte, 1974: 222; Clark, 1984b: 69). Die rede vir die minder hegte band met die Parlemeqt (relatief tot die Skandinawiese- en Britse stelsels) is die wyse van aanstelling van die *Mediateur*. Soos reeds genoem, word die *Mediateur* aangestel deur die Raad van Ministers wat die Uitvoerende Gesag is, in teenstelling met die stelsels in ander state waar die ombudsman 'n instelling van die Wetgewende Gesag is.

ONAFHANKLIKHEID VAN DIE INSTELLING

As gevolg van die wyse van aanstelling van die *Mediateur* is die onafhanklikheid van die instelling noodwendig 'n kontroversiele aangeleentheid. Daar word verskeie redes aangevoer waarom die instelling juis onafhanklik funksioneer, te wete:

— Ingevolge artikel 1(2) van die Wet kan die *Mediateur* geen opdragte van enige owerheid ontvang nie (Stacey, 1978: 94; Rowat, 1984: 70). Indien dit

- wel kon gebeur, sou dit impliseer dat die *Mediateur* nie onafhanklik funksioneer nie;
- Sy onafhanklikheid word versterk deur die feit dat hy sy eie personeel kan aanstel en organiseer (Menier & Desfeuilles, 1983: 109; Rowat, 1984: 75);
 - Dit is bykans onmoontlik om die *Mediateur* te ontslaan as gevolg van die ingewikkelde prosedure wat gevolg moet word (Pinay, 1974: 50; Desfeuilles, 1983: 36);
 - Omdat die ampstermyn nie hernubaar is nie, is die *Mediateur* nie blootgestel nie aan druk en versoekings wat sou kon ontstaan as daar 'n moontlikheid was dat sy aanstelling verleng kon word (Pinay, 1974: 50; Desfeuilles, 1983: 36);
 - Artikel 3 van die Wet verskaf voile judisiële immunititeit vir die menings wat hy lug of sy optrede in die uitvoering van sy pligte wat impliseer dat hy nie krimineel vervolgt kan word nie (Brown & Lavirotte, 1974: 224; Maloney, 1979: 26.3);
 - Die mandaat van die instelling is onbestaanbaar met die van 'n lid van die Parlement wat impliseer dat die *Mediateur* nie beide hierdie ampte tegelyk kan beklee nie (Pinay, 1974: 50; Desfeuilles, 1983: 36);
 - Die aanwending van fondse deur die *Mediateur* is nie onderworpe aan die gewone administratiewe beheer oor owerheidsuitgawes nie (Brown & Lavirotte, 1974: 225; Pinay, 1974: 55); en
 - Die verslag van die *Mediateur* is net soos sy ondersoek nie onderworpe aan die toesig en hersiening wat geld in die geval van administratiewe handeling (*actes administratifs*) nie (Brown & Garner: 1983: 20).

JURISDIKSIE

Ingevolge artikel 1 van die Wet ontvang die *Mediateur* klagtes oor die funksionering van die administratiewe instellings van die sentrale owerheid, plaaslike owerhede, openbare korporasies en enige ander instelling wat belas is met 'n missie van openbare diens, vir sover as wat dit op die verhoudinge van so 'n instelling met lede van die publiek betrekking het (Brown & Lavirotte, 1974: 226; Stacey, 1978: 94). Aan die hand van die statutere beskrywing van die jurisdiksie kragtens wet is dit moondik om die trefwydte van die jurisdiksie in terme van die *aangeleenthede* en *instellings* onderworpe aan die jurisdiksie te omskryf en te ontleed.

Die *aangeleenthede* wat ondersoek kan word, is ingevolge artikel 6 van die Wet daardie aangeleenthede waar 'n publieke instelling nie opgetree het volgens die missie van openbare dienslewering nie (Stacey, 1978: 94). Die *Mediateur* kan dus ondersoek instel of 'n publieke instelling opgetree het:

- op 'n belemmerende of oorhaastige wyse,
- sonder erkenning van menslikheid, gelykheid en regverdigheid (Rowat, 1984: 70-71),

- met inagneming van persoonlike vryhede en butgerlike vryhede (Pinay, 1974: 56; Stacey, 1978: 115; Fabre, 1983: 79),
- in stryd met fundamentele menseregte (Stacey, 1978: 116), en
- op 'n wyse wat administratiewe verdragings, wanpraktyke in die publieke administrasie en 'n gebrek aan inligting tot gevolg het (Klein, 1976: 94).

As afbakening van die *instellings* wat binne die jurisdiksie val, word verwys na alle instellings wat verantwoordelik is vir die lewering van 'n openbare diens (Garner, 1979: 313). Voornoemde impliseer dat dit nie die wetlike aard of administratiewe struktuur van 'n bepaalde instelling is wat dit binne die trefwydte van die jurisdiksie stel nie, maar wel die feit dat die instelling 'n openbare diens verrig (Pinay, 1974: 51). Instellings wat binne hierdie groepering val, is alle departemente op die sentrale owerheidsvlak, alle instellings op plaaslike owerheidsvlak, genasionaliseerde industrie wat monopoliee is, universiteite en die meeste openbare korporasies (Clark, 1984a: 167; Rowat, 1984: 70). Dit is opvallend dat die spoorwee en die elektrisiteit- en petroleumvoorsieningsinstellings (as monopoliee) binne die jurisdiksie val, maar dat instellings wat ook openbare besit is soos *Air France* en die *Renault*-motormaatskappy buite die jurisdiksie val omdat hulle met privaatomernemings meeding (Stacey, 1978: 94; Garner, 1979: 313).

Soos met enige stelsel bestaan daar ook beperkings. Ingevolge artikel 8 van die Wet mag die *Mediateur* nie ondersoek instel na aangeleenthede wat bestaan tussen publieke instellings onderling of tussen publieke instellings en hul werknemers nie (Clark, 1984a: 168). Die gevolg is dat ontevrede amptenare hul klagtes by 'n administratiewe hof aanhangig moet maak, maar dat afgetrede of eertydse amptenare hul klagtes by 'n administratiewe hof aanhangig moet maak, maar dat afgetrede of eertydse amptenare wel 'n klag by die *Mediateur* aanhangig kan maak (Brown & Lavirotte, 1974: 226). Die Wet verbied ook die *Mediateur* om inbreuk te maak op die verrigtinge van 'n hof of om die geldigheid van 'n beslissing van 'n hof te bevraagteken. Net soos met die ombudsmanstelsel is dit ook 'n kenmerk van die *mediateurstelsel* dat dit parallel funksioneer met konvensionele ondersoekinstellings en nie poog om laasgenoemde te dupliseer of daarmee mee te ding nie (Clark, 1984a: 167). Nog 'n beperking is die uitsluiting van militere instellings van die jurisdiksie van die *mediateur* (Maloney, 1979: 160; Desfueilles, 1983: 37).

ONDERSOEKPROSEDURE

Die prosedure wat in die ondersoek van 'n klag gevolg word, neem 'n aanvang met die aanhangigmaking van 'n klag. Artikel 6 van die Wet bepaal die gronde vir 'n klag, te wete dat enige persoon 'n klag aanhangig kan maak as hy vermoed dat 'n aangeleentheid, waarby die klaer direk betrokke is, toon dat 'n instelling (soos in artikel 1 genoem) nie opgetree het volgens sy missie van openbare diens nie. Dit is 'n vereiste dat die klag moet verwys na spesifieke omstan-

dighede wat na aanleiding van die gekritiseerde optrede van 'n publieke instelling ontstaan het (Pinay, 1974: 51-52). Ingevolge artikel 7 van die Wet kan die klaer slegs 'n klag aanhangig maak nadat hy die betrokke instelling genader het oor die aangeleentheid en nie die verlangde respons verkry het nie (Fawcett, 1975: 472; Stacey, 1978: 95). Daar word beweer dat die doelwit met die voorgaande stappe is om bevestiging van die bestaan van die dispuut te verkry (Desfeuilles, 1983: 40). 'n Klag kan nie direk by die *Mediateur* aanhangig gemaak word nie en moet eers aan 'n afgevaardigde (*Depute*) of aan 'n senator gerig word wat dan oordeel of die klag binne die bevoegdheid van die *Mediateur* val. Indien wel, word dit aan die *Mediateur* vir ondersoek deurgestuur (Brown & Lavirotte, 1974: 228; Frank, 1976: 142). In teenstelling met die Skandinawiese ombudsmanstelsels het die *Mediateur* nie die bevoegdheid om klagtes op eie inisiatief te ondersoek nie (Pinay, 1974: 53; Fawcett, 1975: 472; Frank, 1976: 142). Dit wil voorkom asof 'n bevoegdheid om klagtes op eie inisiatief te ondersoek in stryd met die voorskrif dat klagtes deur 'n parlementslid gekanaliseer moet word, sal wees en gevolglik onbestaanbaar is met die filosofie van die stelsel om as bemiddelaar op te tree.

Na ontvangs van 'n klag via 'n parlementslid maak die *Mediateur* 'n voorlopige studie van die klag ten einde vas te stel of dit binne sy jurisdiksie val. Indien die klagte binne die jurisdiksie val, word die parlementarier in kennis gestel dat die aangeleentheid ondersoek word. Daarna word 'n detail-memorandum opgestel wat die feite en geskilpunte van die klagte belig (Rowat, 1984: 73). Die memorandum word aan die skakelbeampte, bekend as 'n korrespondent, in die betrokke ministerie gestuur. Die korrespondent is 'n hooggeplaasde ampenaar wat lid van die ministerie se inspektoraat of die Minister se sekretariaat is (Stacey, 1978: 107; Rowat, 1984: 73). Die korrespondent dien as skakel tussen die *Mediateur* en die publieke administrasie en is verantwoordelik vir die uitvoering van die ondersoek in die betrokke instelling (Desfeuilles, 1983: 39; Fabre, 1983: 69). Na verloop van tyd ontvang die *Mediateur* 'n antwoord op die vrae wat hy gestel het. Die antwoord bestaan gewoonlik uit 'n beoordeling van die klag by wyse van die instelling se verdediging en houding oor die aangeleentheid. Voornoemde verskaf die nodige agtergrondinligting ten einde die *Mediateur* in staat te stel om te bepaal of die klagte geregverdig is. Die antwoord mag selfs 'n erkenning van die klag bevat, of voorstelle ter verbetering van die instelling se diens of om die instelling se regulasies te hersien. Die *Mediateur* kan ook die *Conseil d'Etat* of die *Cour des Comptes* versoek om 'n aangeleentheid te bestudeer en hom te adviseer. Indien bevind word dat die klag ongegrond is, word die parlementier in kennis gestel dat die klag verwerp word, maar terselfdertyd word alle relevante inligting verskaf wat die aard van die probleem skets. Dikwels is dit juis hierdie inligting wat onbekend was aan die klaer en hom dan tevrede stel (Stacey, 1978: 108; Rowat, 1984: 73). Indien die klagte geregverdig is, is die ministerie gewoonlik gewillig om die *Mediateur* by te staan in die ontwerp van 'n strategie om die ontevredenheid reg te stel. In-

dien die ministerie egter weier (wat selde gebeur), kan die *Mediateur* 'n formele aanbeveling maak wat bykans altyd die gewenste resultaat behoort op te lewer. Indien die instelling steeds weier (wat nog nie gebeur het nie) kan die *Mediateur* 'n spesiale verslag voorle aan die President van die Republiek en aan die Parlement. Die *Mediateur* kan ook dissiplinere aksies teen amptenare inisieer (Stacey, 1978: 108-109; Menier & DesfeuiUes, 1983: 110; Rowat, 1984: 74).

Indien 'n klag teen 'n plaaslike owerheid gerig is, gebruik die *Mediateur* 'n gewysigde prosedure wat as 'n voorlopige ondersoek bekend staan. Die *Mediateur* vra die regering se kommissaris in 'n bepaalde distrik om die dossier te bestudeer en die klaer en 'n verteenwoordiger van die betrokke plaaslike owerheid bymekaar te bring. Daarna word aan die *Mediateur* verslag gedoen (Clark, 1984b; 78; Rowat, 1984: 74). Dit *Mediateur* kan ook die regionale administratiewe howe (*Tribunaux administratifs*) om advies vra. Lede van die administratiewe howe is gewoonlik sowel ervare administrators as ervare regsleerdes wat nuttige advies oor administratiewe vraagstukke kan verskaf en in staat is om advies insake wetgewing te verskaf (*Rapport annuel du Mediateur*, 1974: 19). Indien die voorlopige ondersoek nie die probleem oplos nie gaan die *Mediateur* voort met die prosedure soos reeds omskryf. Dit impliseer dat die bevindinge van die voorlopige ondersoek deel uitmaak van die memorandum wat die *Mediateur* opstel vir voorlegging aan die korrespondent in die ministerie wat die finale verantwoordelikheid vir plaaslike dienslewering het. In Frankryk het die ministeries 'n direkter beheer oor plaaslike owerhede as byvoorbeeld in Brittanje en in die praktyk word deurlopende toesig oor plaaslike owerhede gehou (*Rapport annuel du Mediateur*, 1975: 183). Hoewel dit selde gebeur, kan die *Mediateur* ingevolge artikel 12 van die Wet self 'n ondersoek uitvoer deur leggers aan te vra, amptenare betrokke direk te ondervra en soms die instelling saam met die betrokkenes te besoek (Clark, 1984b; 78).

VERSLAGDOENING

As gevolg van die feit dat die *Mediateur* op parlamentslede aangewese is om klagtes aan hom vir ondersoek deur te stuur, is dit gebruikelik dat die *Mediateur* verslag doen oor sy werksaamhede aan die Parlement. Die *Mediateur* moet jaarliks 'n algemene verslag van sy aktiwiteite aan die Parlement en die President van die Republiek voorle (Brown & Lavirrotte, 1974: 4231; Maloney, 1979: 265). Anders as met die meerderheid ombudsmanne word die inhoud van voornoemde verslag nie aangevul deur spesiale verslae wat handel oor spesifieke sake nie (Garner, 1979: 314). Spesiale verslae word slegs uitgereik indien 'n publieke instelling onbevredigend op die aanbevelings van die *Mediateur* reageer. Maar soos die geval met ander ombudsmanstelsels is, is die aanbevelings van die *Mediateur* nie ten voile afdwingbaar nie (Brown & Lavirrotte, 1974: 228). Die *Mediateur* kom egter veel nader aan werklike afdwingbaarheid van aanbevelings omdat hy groter bevoegdhede in hierdie opsig het. Voornoemde bevoegdhede word

hoofsaaklik ingevolge artikel 9(2) van die Wet verleen indien die *Mediateur* vasstel dat sy aanbevelings nie respekteer word nie. Dit impliseer dat 'n instelling verplig is om die *Mediateur* van die resultate van sy aanbevelings in kennis te stel. Die *Mediateur* kan 'n tydperk vasstel waarin hy van 'n bevredigende antwoord voorsien moet word. Indien hy nie die bevredigende antwoord betyds ontvang nie, mag hy sy aanbevelings publiseer as 'n spesiale verslag aan die President van die Republiek en die Parlement, wat dan in die staatskoerant (*Journal Officie*) gepubliseer word (Stacey, 1978: 98; Rowat, 1984: 71; Clark, 1984a: 172). Die betrokke instelling mag ook 'n antwoord hierop publiseer wat die strekking van sy besluite oor die aanbevelings van die *Mediateur* weerspieel. Die enigste beperking op die gepubliseerde dialoog is dat geen melding van die name van persone betrokke gemaak mag word nie (Brown & Lavirotte, 1974: 228; Maloney, 1979: 265). 'n Verdere aansporingsmaatreel tot afdwingbaarheid word ingevolge artikel 10 van die Wet verleen wat bepaal dat die *Mediateur* dissiplinere stappe of judisiele aksies teen 'n amptenaar kan inisieer indien 'n instelling weier om sy aanbevelings te gehoorsaam (Stacey, 1978: 97). Dit moet beklemtoon word dat voornoemde maatreel nie impliseer dat die *Mediateur* self die vervolgings kan instel nie, maar dit slegs inisieer (Brown & Lavirotte, 1974: 229; Fawcett, 1975: 473; Clark, 1984a: 168). Kenmerkend van die goeie samewerking wat die *Mediateur* van die Franse publieke instellings ontvang, is die feit dat dit tot op datum nog nie nodig was om bovermelde bevoegdhede te gebruik nie (*Rapport annuel du Mediateur*, 1976: 179; Rowat, 1984: 71). Die feit dat die *Mediateur* nog nooit van bogenoemde metodes van beïnvloeding gebruik gemaak het nie, is ook bewys van die voorkeur wat die *Mediateur* aan private onderhandelings bokant publieke bekendmaking heg (Desfeuilles, 1983: 38; Clark, 1984b: 82). In teenstelling met die praktyk van die Parlementere Kommissaris in Brittanje bestaan daar nie 'n spesiale gekose komitee van die Parlement in Frankryk wat die verslae van die *Mediateur* oorweeg nie.

BESONDERE KENMERKE VAN DIE MEDIATEURSTELSEL

Tydens 'n evaluering van die Franse *mediateurstelsei* blyk dit dat bepaalde kenmerke van die stelsel uniek is in vergelyking met die klassieke ombudsmanstelsel. 'n Nadere ontleding van sodanige kenmerke wys op 'n *toeganklikheidsversperring* tydens die aanhangigmaking van klagtes, *gedesentraliseerdheid*, *hervormingsgeorieentendheid* en 'n *politieke orientasie* van die stelsel.

TOEGANKLIKHEIDSVERSPERRING

In teenstelling met die klassieke ombudsman wat hoogs toeganklik vir voornemeride klaers is, is daar net soos by die Britse Parlementere Kommissaris geen direkte toegang tot die *Mediateur* nie (Garner, 1979: 313). Klagtes moet deur bemiddeling van 'n lid van die Nasionale Vergadering of 'n lid van die Senaat (Hoer Huis) aanhangig gemaak word (Stacey, 1978: 92; Garner, 1979: 313).

Hierdie Parlementslede staan onderskeidelik bekend as afgevaardigde en senator (Klein, 1976: 93; Rowat, 1983: 3). Dit is insiggewend dat meer klagtes deur afgevaardigdes as deur senatore deurgestuur word (*Rapport annuel du Mediateur*, 1982: 134). Voordat 'n lid van die Parlement 'n klagte deurstuur, sal hy dit eers oorweeg ten einde vas te stel of dit wel binne die jurisdiksie van die *Mediateur* val en of daar meriete vir optrede is (Pinay, 1974: 53). Vir skakeling tussen die *Mediateur* en die Parlement oor klagtes is daar 'n spesiale skakel-beampte in elke huis van die Parlement aangestel.

Die aanvanklike rede vir die instelling van die *Parlementere Viltreerder* was gegrond op 'n vrees dat die *Mediateur*, in 'n land met 'n groot bevolking soos Frankryk, oorspoel sou word deur klagtes waarvan 'n groot meerderheid ongegrond sou wees (Rowat, 1984: 69; DesfeuiUes, 1983: 37; Menier & DesfeuiUes, 1983: 108). 'n Voordeel van die prosedure is dat dit toeganklikheid tot die *Mediateur* kan verhoog in die sin dat kontakpunte regdeur Frankryk gestel word. Eenvoudige klagtes, soos 'n versoek vir 'n verduideliking kan deur parlamentslede self beantwoord word sonder verwysing na die *Mediateur*. *n Nadeel is dat die kompleksiteit van die prosedure 'n ontmoedigende invloed op voornemende klaers het. Nog 'n nadeel is dat voornemende klaers daardeur afgeskrik kan word as gevolg van 'n vrees vir politieke partydigheid aan die kant van die parlamentslid.

Wat eers beskou is as 'n maatregel om die *Mediateur* teen 'n oorlading klagtes te beskerm, het later geblyk 'n toeganklikheidsversperring te wees omdat die *Mediateur* effektiewer sou kon wees indien klagtes direk ontvang word (Rowat, 1984: 84). In verhouding tot die bevolkingsgrootte is die getal klagtes ontvang in Frankryk minder as enige stelsel waar daar direkte toegang tot die ombudsman is (Stacey, 1978: 103; Rowat, 1983: 4). Die afleiding is dat daar steeds 'n onvervulde behoefte bestaan wat vermy kon gewees het indien voorsiening vir direkte aanhangigmaking van klagtes gemaak is. Nog 'n bewys van voornoemde behoefte word gevind in die feit dat 'n derde van die klagtes ontvang deur die *Mediateur* sedert 1980 direk by die instelling aanhangig gemaak is. Die *Mediateur* was gevolglik genoodsaak om 'n spesiale diens in te stel om met sodanige klagtes te handel (Rowat, 1984: 72-74).

DESENTRALISERING VAN DIE STELSEL

Die tweede unieke kenmerk van die *mediateurstelsel* is desentralisering. In elke distrik van Frankryk word 'n korrespondent deur die *Mediateur* op advies van die Kommissaris (van die distrik) aangestel. Die korrespondente word aangestel uit die geledere van dienende of afgetrede amptenare van die distriksadministrasie, met wye ervaring van plaaslike knelpunte en 'n deeglike kennis van die sentrale owerheidsadministrasie. 'n Korrespondent ontvang geen salaris nie (Rowat, 1984: 77; Clark, 1984b: 89). Die funksie van die korrespondent is om aanvanklike klagtes te sif en te keur ten einde ongegronde klagtes betyds te iden-

tifiseer. Die korrespondent het die bevoegdheid om mindere klagtes ter plaatse op te klaar (dit impliseer nie dat die korrespondent 'n plaaslike *Mediateur* is nie omdat die aard van sulke klagtes sodanig is dat die oplossing daarvan voor die hand liggend is) en voornemende klaers oor die voorbereiding en die aanhangigmaking van klagtes by die parlamentslid met advies te dien (Rowat, 1983: 4; Clark, 1984b: 89)- Gewoonweg word die meerderheid van die klagtes ontvang, self opgelos, terwyl ongeveer 'n derde van die klagtes aan die betrokke parlamentslid vir moontlike voorlegging aan die *Mediateur* deurgestuur word. Aan die einde van elke jaar moet die korrespondent 'n verslag van sy aktiwiteite aan die *Mediateur* voorgele.

'n Nadeel verbonde aan die stelsel van korrespondente is dat die korrespondente gewoonlik nie genoegsame kennis van die *Mediateur* se jurisdiksie, bevoegdhede en beleid het nie (Rowat, 1984: 78). 'n Voordeel van die stelsel is dat dit die gebrek aan direkte toegang tot die *Mediateur* verlig.

Hoewel die stelsel 'n gedentraliseerde neiging toon, is takkantore met voile bevoegdhede onwenslik omdat dit daartoe mag lei dat daar oor dieselfde soort klagte in verskillende gebiede verskillend geoordeel mag word. Die persoonlike invloed van die *Mediateur* in elke aangeleentheid sal ook daardeur bedreig word. Verdere kritiek teen die stelsel van korrespondente is dat dit te ineengeskakel is met die publieke administrasie en dat die onafhanklikheid van die korrespondente soms gewantrou word omdat die Kommissaris so 'n deurslaggewende rol in hul aanstelling speel (Rowat, 1984: 79).

HERVORMINGSGEORIENTEERDHEID VAN DIE *MEDIATEUR*

'n Derde besondere kenmerk van die *Mediateur* is die klem wat op hervorming gepiaas word. Hoewel voorstelle vir die verbetering van administratiewe praktyke, regulasies en wette 'n treffende faset van die werking van ombudsmanstelsels is, was dit in die Franse stelsel van die begin af 'n kenmerk van die stelsel wat deur die opeenvolgende *Mediateurs* beklemtoon is (Rowat, 1984: 79). Die hervormingsgeoriënteerdheid van die *Mediateur* en die bestaan van die instelling self is die resultaat van 'n administratiewe hervormingsprogram wat in die laat sestigerjare en begin sewentigerjare in Frankryk geloods is (Menier & Desfeuilles, 1983: 105; Rowat, 1984: 79). Die ingesteldheid van die *Mediateur* vir hervorming is deel van sy breër doelstelling om verhoudings tussen die publiek en die publieke administrasie te verbeter omdat administratiewe hervorming poog om die administratiewe dienslewering te verbeter wat weer tot groter publieke tevredenheid met die publieke administrasie bydra (Menier & Desfeuilles, 1983: 108; Clark, 1984b: 74).

Artikel 9 van die Wet bepaal dat as 'n klagte gegrond voorkom die *Mediateur* aanbevelings kan doen wat die probleem sal oplos en voorstelle kan maak wat die funksionering van die betrokke instelling sal verbeter ten einde dienslewering te verbeter (Brown & Lavirotte, 1974: 222; Stacey, 1978: 97). Ingevolge

artikel 3 van die 1976-wysigingswet het die *Mediateur* ook spesifieke bevoegdheid verkry om verbeteringe in wette en regulasies voor te stel (*Rapport annuel du Mediateur*, 1981: 111). Benewens die wetlike voorskrifte is die *Mediateur* toegerus vir die taak van hervorming deurdat hy deur die publieke ontevredenheid (in die gedaante van klagtes) inligting van wanpraktyke kan bekom wat 'n duidelike patroon van 'n behoefte aan administratiewe hervorming en wysigings aan wette en regulasies uitspel. Die beslegtingsfunksie is gevolglik die middel tot die doel vir hervorming. Selfs die ondersoekprosedures van die *Mediateur* sluit by die hervormingsgeoriënteerdheid van die instelling aan deurdat klagtes minder soos 'n kritikus en meer soos 'n hervormer ondersoek word. Die drie hoofgroeperings van die *Mediateur* se hervormingsaktiwiteite is administratiewe organisasie en praktyk, regulasies en dekrete, en wette (*Rapport annuel du Mediateur*, 1975: 13-23). Die oorheersende groepering is die administratiewe hervorming wat in twee fases plaasvind. Die *eerste* fase is die informele fase van onderhandelinge oor voorgestelde veranderinge met die betrokke ministerie en die *tweede* fase behels die formele aanbevelings indien samewerking nie verkry word nie (Rowat, 1984: 80). Sedert 1977 het die Franse regering die prosesse geformaliseer waardeur die *Mediateur* se voorstelle vir hervorming oorweeg word. Dit impliseer dat verskille tussen die *Mediateur* en die ministeries oor voorstelle twee maal per jaar deur die Eerste Minister, wat die finale seggenskap het, arbitreer word. Bykomend hiertoe word die voorstelle in die jaarverslag van die *Mediateur* gerapporteer en word vordering met die implementering van voorstelle verskaf (Fabre, 1983: 77; Menier & Desfeuilles, 1983: 108; Rowat, 1984: 80). Voornoemde impliseer dat die *Mediateur* informeel optree om gewone klagtes te besleg, maar dat hy polities optree om hervorming teweeg te bring (Klein, 1976: 94). Laasgenoemde kenmerk is die onderwerp van die laaste besondere eienskap van die Franse stelsel wat vervolgens omskryf word.

POLITIEKE ORIENTASIE VAN DIE MEDIATEUR

Die politieke ingesteldheid van die *Mediateur* kom op verskillende wyses tot uiting. Ten aanvang word verwys na die hoedanighede van die ampsbekleeder self. Die eerste vier *Mediateurs* was politici voor hul aanstelling (Rowat, 1984: 76). Redes aangevoer vir die aanstelling van politici in die amp is soos volg: (i) 'n staatsamptenaar sou ongeskik wees omdat die *Mediateur* juis die optredes van staatsamptenare moet ondersoek; (ii) die *Mediateur* moet ook onbelemmerd in staat wees om die dienste van hooggeplaaste staatsamptenare in te roep en selfs staatsamptenare in sy personeel te he. Dit was ook onnodig om 'n regsgeleerde aan te stel omdat heelwat hooggeplaaste amptenare regs kwalifikasies besit en hy gevolglik geredelik regsadvies sou kon verkry. Daarom is geredeneer dat dit gerade sou wees om 'n parlamentslid in die amp aan te stel omdat toegang tot hom deur parlamentslede moet geskied (Stacey, 1978: 100). Verdere bewys van die politieke ingesteldheid van die amp is dat die *Mediateur* dikwels

aktiewe lede van die politieke party waaraan hy behoort in sy personeel aanstel (Rowat, 1983: 3).

'n Voordeel van die politieke reputasie en belange van die *Mediateur* is dat dit noodsaaklike publisiteit aan die instelling verleen en die instelling aanvaarbaarder vir die Parlement maak. Die politieke agtergrond verklaar ook waarom dit so raar is dat die instelling 'n minister kritiseer — 'n praktyk wat algemeen by ander ombudsmanstelsels is. Dit mag wees dat sy vorige assosiasie met ministers inhiberend inwerk op die *Mediateur* of dat hy versigtig is om beskuldig te word dat hy om politieke redes kritiseer. Die feit dat Franse ministers minder besluite in individuele aangeleenthede maak, kan ook 'n gedeeltelike verklaring van die verskynsel wees (Rowat, 1984: 77). Die nadeel van die politieke reputasie van die instelling is dat die partydige verlede van die *Mediateur* (as politikus verbonde aan 'n politieke party) voornemende klaers kan afskrik (Rowat, 1983: 3). Hoewel die politieke verbintenisse van die *Mediateur* vrae oor sy onafhanklikheid en onpartydigheid laat ontstaan het, word volgehou dat die praktyk die teendeel bewys het (Clark, 1984a: 169).

Daar word beweer dat die aanstelling van 'n gerespekteerde openbare figuur (met verkieslik ministeriele ondervinding) as *Mediateur* die voordeel het dat so 'n persoon respek van dienende ministers kan afdwing. Hierdie respek van ministers is vera! betekenisvol in die arbitrasieprosedure wat politieke rugsteuning bied vir die *Mediateur* se hervormingsvoorstelle en toegang tot die Parlement se jaarlikse wetgewende program vir voorstelle van wetswysigings verleen (Clark, 1984b: 78). Eersgenoemde kom tot uiting in die prosedure waardeur die *Mediateur* samewerking verkry van publieke instellings op 'n politieke wyse van geskilbeslegting deurdat die Eerste Minister uitsluitel gee in 'n geval waar die *Mediateur* en die amptenare nie eenstemmigheid oor sy hervormingsvoorstelle kan bereik nie (Clark, 1984a: 169). Dit impliseer dat die politieke ingesteldheid van die *Mediateur* tot uiting kom in die konvensies wat interaksies tussen politici en amptenare reguleer. In Frankryk laat dit gevolglik die *Mediateur* toe om binne te dring in 'n politieke terrein wat verbode is vir ander ombudsmanstelsels (Clark, 1982: 46).

CONSEIL d'ETAT VERSUS MEDIATEUR

Die vraag kan ontstaan waarom 'n *mediateur* ingestel word in 'n land wat bekend is vir die *Conseil d'Etat* (Administratiewehofstelsel). In die sestigerjare was meningsvormers in Frankryk en Brittanje dit eens dat 'n administratiewehof en 'n ombudsman wedersyds onversoerbare metodes van administratiewe geskilbeslegting voorstaan. Gevolglik is geglo dat die konstitusionele, judisiële en administratiewe opset van Frankryk geen ruimte vir 'n ombudsman laat nie (Questionaux, 1968: 218). Na heroorweging is egter bevind dat die *Conseil d'Etat* versus ombudsman-digotomie misleidend is omdat die eie identiteit van elke ombudsmanstelsel misgekyk is, want die bevoegdhede van die ombudsman verskil

van land tot land (Mitchell, 1968: 273). Dit impliseer dat die filosofie, styl en werkverrigting van 'n ombudsmaninstelling versus 'n administratiewehofstelsel sinvol evalueer kan word as dit beskou word binne die konteks van die breër politieke, wetlike en owerheidsomgewing waarin dit funksioneer.

Die interaksie van die twee stelsels met mekaar bied duidelikheid oor die bestaanbaarheid van die stelsels met mekaar. Die *Conseil d'Etat* ondersoek die wettigheid (legitimiteit) van die optrede van publieke instellings en amptenare, dit wil se sowel die gebruik van gesag buite wetlike magtiging (*exes de pouvoir*) as die misbruik van gesag (*detournement de pouvoir*). Om hiervan te kon verskil, moes die *Mediateur* duidelik onderskeibare gronde vir hersiening van administratiewe handeling vind (Clark, 1984a: 170). Gevolglik strek die bevoegdhede van die *Mediateur* verder en komplimenteer dit die van die *Conseil d'Etat* deurdat klagtes ondersoek kan word teen 'n publieke instelling of publieke amptenaar wat nie onwettig opgetree het nie, maar wel onregverdig sonder die erkenning van menslikheid (*Rapport annuel du Mediateur*, 1973: 214). Die *Mediateur* het dus 'n onderskeibare styl ontwikkel wat berus op 'n wye interpretasie van wat wanadministrasie en wat regverdige en doeltreffende administrasie is. 'n Insiggewende kenmerk van die *mediateurstelsel* is dat daar statu ter voorsiening gemaak word vir medewerking tussen die *Conseil d'Etat* en die *Mediateur*. Ingevolge die Wet kan die *Mediateur* ingewikkelde klagtes wat komplekse regsaspekte en ernstige wanadministrasie openbaar na die *Conseil d'Etat* verwys met 'n versoek vir 'n detailondersoek deur die *Conseil d'Etat* (Clark, 1984a: 173). Die *Conseil d'Etat* se bereidwilligheid om homself te asosieer met die *Mediateur* deur "gesamendike ondersoeke" het legitimiteit verleen aan die gedagte om administratiewe optrede te hersien en dit verleen addisionele gewig aan die formele aanbevelings en voorstelle wat die *Mediateur* mag maak (Clark, 1984b: 80). Daardeur maak die *Conseil d'Etat* 'n besliste bydrae tot die effektiwiteit van die *Mediateur* en is dit ook opvallend dat die getal klagtes aanhangig gemaak by sowel die *Conseil d'Etat* as die *Mediateur* sedert die instelling van die amp van *Mediateur* deurlopend toegeneem het (Brown & Garner, 1983: 39; Clark, 1984a: 176). Deur die aanwending van die bevoegdhede ingevolge artikel 11 van die Wet wat bepaal dat die *Mediateur* 'n beslissing van 'n administratiewehof kan afdwing, het die *Mediateur* ook van sy kant af verseker dat die gesag en prestige van die *Conseil d'Etat* en ander howe nie ondermyn word nie (Clark, 1984a: 174).

EVALUERENG

Hoewel die *Mediateur* sy ontstaan (soos menige ander ombudsman) te danke het aan partypolitieke inisiatiewe is dit veral die hervormingsprogram en die mikpunt van beter verhoudinge tussen die publiek en die publieke administrasie wat hul stempel op die aard en wese van die instelling gelaat het. Gevolglik is die naam *Mediateur*, wat tussenganger beteken, heel gepas. Die jurisdik-

sie van die instelling toon duidelike tekens van die invloed van die ontstaansrede van die instelling deurdat spesifiek verwys word na die diensleweringsfiinksie van publieke instellings wat instrumented in die verhoudinge tussen die publiek en publieke instellings is. In vergelyking met die klassieke ombudsman is die jurisdiksie wyd gestel — gelet op die spektrum van instellings wat onderworpe daaraan is.

Die *mediateurstelsel* toon 'n afwyking van die klassieke ombudsman deurdat dit 'n aanstelling van die Uitvoerende Gesag en nie van die Wetgewende Gesag is nie. 'n Afwyking wat die ondersoekprosedure betref, is dat die *Mediateur* nie oor die bevoegdheid beskik om klagtes op eie inisiatief te ondersoek nie. Die feit dat die *Mediateur* 'n skakelbeampte in elke departement het wat ondersoeke onderneem en koordineer, maak die ondersoekprosedure van die instelling uniek en doeltreffend. Die feit dat klagtes deur bemiddeling van 'n parlamentslid aan die *Mediateur* gestuur moet word, kan gesien word as 'n toeganklikheidsversperring vir voornemende klaers. Selfs die gedentraliseerde stelsel van korrespondente is nie voldoende om die toeganklikheid van die *Mediateur* te verbeter tot 'n peil gelykstaande aan die van die Skandinawiese stelsels nie.

As gevolg van die hervormingsprogram wat tydens die instellings van die *Mediateur* aan die gang was, is die instelling 'n toegewyde hervormer (meer so as enige ander ombudsmanstelsel) op die gebied van die administratiewe praktyk, wette en regulasies. Die voordeel van voornoemde ingesteldheid is dat dit verhoudinge tussen die amptenaar en die publiek bevorder deurdat instellings beter toegerus word met die oog op doeltreffender dienslewering. Die politieke inslag van die *Mediateur* wat betref die ondervinding van ampsbekleders en die afdwingbaarheid van aanbevelings en voorstelle is 'n unieke kenmerk in die ombudsmangemeenskap. Hierdie ingesteldheid is ook die resultaat van die omstandighede waaronder die instelling tot stand gekom het en kan slegs regverdig word in die konstitusionele opset (van Frankryk) waarin dit funksioneer. As sodanig is die *Mediateur* 'n treffende voorbeeld van die aanpasbaarheid van 'n ombudsmantipe instelling by die plaaslike omstandighede van 'n land. Voornoemde word beklemtoon deur die feit dat selfs die *Conseil d'Etaten* die *Mediateur* 'n wedersydse werkverhouding van respek en samewerking ontwikkel het wat funksionele voordele vir beide instellings inhou. Die *Mediateur* is dus 'n bemiddelaar by uitnemendheid maar terselfdertyd ook 'n gewysigde manifestasie van 'n ombudsman wat vir plaaslike omstandighede en behoeftes in Frankryk aangepas is.

BIBLIOGRAFIE

Brown, N.X. & Garner, J.F. *French Administrative Law*. Third edition, Butterworths, London, 1983.

Brown, N.L. & Lavirotte, P., "The Mediator: A French Ombudsman", *The Law Quarterly Review*. Vol 90, April 1974.

Clark, D., "The city of Paris *Mediateur* — An Ombudsman *a la Francaise*", *Local Government Studies*. Vol 8, No 5, September — October 1982.

Clark, D., "The citizen and the administration in France — The *Conseild'Etat* versus Ombudsman debate revisited", *Public Administration*. Vol 62, Summer 1984a.

Clark, D., "The Ombudsman in Brittain and France: A comparative evaluation" *West European Politics*. Vol 7, No 3, July 1984b.

Clark, D., "Open government: The French experience", *Political Quarterly*. Vol 57, No 3, July — September 1986.

Desfeuilles, H., "The control of the administration in France", *The Ombudsman Journal*. No 3, September 1983.

Fabre, R. "Tenth anniversary of the institution of the Mediator of the French Republic", *The Ombudsman Journal*. No 3, September 1983.

Fawcett, J.E.S., "The spread of the Ombudsman system in Europe", *World today*. Vol 31, No 11, November 1975.

Francaise (Republique), Mediateur, *Rapport annuel du Mediateur: 1973*. 1974.

Francaise (Republique), Mediateur, *Rapport annuel du Mediateur: 1974*. 1975.

Francaise (Republique), Mediateur, *Rapport annuel du Mediateur: 1975*. 1976.

Francaise (Republique), Mediateur, *Rapport annuel du Mediateur: 1976*. 1977.

Francaise (Republique), Mediateur, *Rapport annuel du Mediateur: 1981*. 1982.

Francaise (Republique), Mediateur, *Rapport annuel du Mediateur: 1982*. 1983.

Frank, B., "The Ombudsman and human rights — Revisited", *Israel Yearbook on Human Rights*. Vol 6, 1976.

Frankryk (Republiek), *Wet 73-2 van Januarie 3, 1973 soos gewysig deur Wet 76-1211 van Desember 24, 1976*.

Frankryk (Republiek), *Wet en dekreet 73-254 van Maart 9, 1973-*

Garner, J.F., "The *Mediateur*'s report for 1978", *Public Law*. 1979-

Klein, R., "Ombudsman into *Mediateur*", *Political Quarterly*. Vol 47, No 1, 1976.

Maloney, A., "The Ombudsman idea", *University of British Columbia Law Review*. Vol 13, No 2, 1979-

Menier, J. & Desfeuilles, H., "France" in Caiden, G.E., *International Handbook of the Ombudsman: Country Surveys*. Westport, Connecticut: Greenwood Press, 1983.

Mitchell, J.D.B., "The irrelevance of the Ombudsman proposals", in Rowat, D.C., *The Ombudsman: Citizen's Defender*. Second edition, London: George Allen & Unwin, 1968.

Pinay, A., "The French Mediateur" *Council of Europe, Parliamentary Assembly, Legal Affairs Committee Meeting*. Paris, France, 18-19 April 1974.

Rowat, D.C., *The spread of the Ombudsman plan in Western Europe*. Occasional paper no 21, International Ombudsman Institute, February 1983.

Rowat, D.C., "The Ombudsman in France", *Canadian Public Administration*. Vol 27, No 1, Spring 1984.

Questiaux, N., "How administrative courts meet the need", in Rowat, D.C., *The Ombudsman: Citizen's Defender*. Second edition, London: George Allen & Unwin, 1968.